SOLIDARITEIT
BEWEGING

**Optog teen die Bela wetgewing op 5 November**

Die verkondiging en onderrig van die Evangelie is ’n wesenskenmerk van die kerk. Daarom het die kerk geen moeite ontsien om die Bybel in nou reeds meer as 3 000 tale te vertaal nie. Hand aan hand met die vertaling van die Bybel het die kerk opvoeding en onderwys deur die loop van die geskiedenis ingrypend beïnvloed en gevorm.

Die kerk het ook in Suid-Afrika toegesien dat die Bybel in Afrikaans en ander inheemse tale plek kry, en die kerk het ook nie geweifel om in onderwys en opvoeding in Afrikaans uitdrukking te gee aan die opdrag van God Drieënig nie.

Vir ons is en was die Afrikaanse taal ’n besondere en dierbare seën van die Here af.

Die Bybel in Afrikaans en ons historiese betrokkenheid by Christelike Afrikaanse onderwys en opleiding, is bewys van ons gemeenskaplike erkenning van hierdie verbondseën uit die Here se hand. Ons sien immers die seëninge van die Here in sy geheel.

**Geslag tot geslag**

Dat die Heilige Gees tale deurdring, veeltaligheid benut en ook ons woordeskat, kultuur, gemeenskapwees en lewensuitsig verruim, blyk uit die Pinkstergebeure soos in Handelinge 2 beskryf. Dit is steeds vir ons ’n belangrike baken, en van hieruit is moedertaalonderrig onontbeerlik om die kennis van God en sy verbond van geslag tot geslag oor te dra.

Die Wysigingswet op Basiese Onderwyswette (die voorgestelde Bela-wetgewing), in die besonder artikels 4 en 5, raak hierdie saak regstreeks. Dit gaan nie net oor die beskerming van ’n taal en sy sprekers nie. Ten diepste is ’n instrument waarmee ons ons Christelike erfenis aan ons kinders oordra, in die weegskaal. Die Bela-wetgewing wil in die dekades wat kom, beslag lê op die kultuurontplooiing van die Afrikaner. Die eenheid en die verskeidenheid in

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | P: Posbus 11760, Centurion, 0046
H.v D.F Malan- en Eendrachtstraat, Kloofsig, Centurion | Cnr D.F Malan- and Eendracht Street, Kloofsig, Centurion

God se werke staan lynreg teenoor hierdie onderliggende sosialistiese sentralisering wat alle kultuuroordrag wil beheer en reguleer. As Christene kan ons hierdie onreg nie toelaat nie.

Daar kom ’n tyd dat kerke hulle profetiese stem moet laat hoor en getuienis in en teenoor die wêreld, die burgery en owerhede moet lewer – ’n getuienis wat die Koningskap van Jesus verkondig en uitleef deur die leiding van die Heilige Gees. Die nalaat van hierdie getuienis of onbetrokkenheid op hierdie terrein vra opnuut dat ons nadink oor die gebede van ons Heer, Jesus Christus: *“Laat U Naam geheilig word; laat U koninkryk kom.”*

Die gevaar bestaan dat ’n hele geslag kinders voor ons oë deur ’n magshonger staatsowerheid gekaap word en van die naam van God, van sy heerskappy, genade en liefde vervreem word. Die toekoms van die kerk loop beslis ook deur die skoolbanke.

In die lig hiervan en op grond van die verbond van God waarmee ons kinders en kleinkinders aan God se bevele en beloftes gebind is, roep ons u ernstig op om deel te neem en te protesteer teen die beoogde wetgewing.

Laat ons nie ons kinders opoffer deur onbetrokkenheid nie. Die lewe en die waarheid is ’n eenheid – dit is nou tyd om voor God en die wêreld te doen wat ons glo reg is.

Hierdie geslag is verantwoordelik vir die opvoeding van die volgende geslag – dit ons ereplig voor God. Ons glo dat Hy sy seëninge oor ons sal laat kom as ons die kinders wat Hy ons gegee het, na behore in die verbond onderrig en vorm.

**Stap saam**

Gee asb u hand en stap die pad saam met ons. Dit is inderdaad ’n krisis-uur vir ons gemeenskap waar die staat ons kinders van hulle toekoms wil beroof.

Daar kom ’n tyd dat die kerke ook soos Maarten Luther voor die keiser moet opstaan en sê: “Hier staan ek, ek kan nie anders nie.” Om op te staan en teen ’n onreg in die samelewing te

protesteer, is immers in die hart van protestants wees. Hierdie onreg raak nie net die toekoms van Afrikaanse skole nie. Onderwys raak die toekoms van die land. Afrikaanse skole is uitnemende skole wat ʼn reusebydrae lewer in ons kinders se vorming tot voordeel van almal in Suid-Afrika. Afrikaans op skool gaan nie net oor ʼn taal of ʼn lang tradisie van uitnemendheid nie. Afrikaans op skool is ook die draer van ʼn werksetiek, waardes en ʼn protestantse tradisie. Dit alles is te kosbaar om te verloor.

Mag God u wysheid en krag gee vir u getuienis en roeping in hierdie wêreld.

Flip Buys

**Voorsitter: Solidarteit Beweging**

**Reëlings:**

| | |
|---|---|
| Datum: | 5 November 2024 |
| Tyd: | 9:00 – 13:00 (aankoms vanaf 08:00 by Voortrekkermonument) |
| Roete: | Voortrekkermonument na Freedom Park en terug (die totale afstand is ongeveer 5 km. Persone wat moeilik stap, is welkom om by die Voortrekkermonument te wag.) |
| Kleredrag: | Oranje of wit hemp |
| Registreer: | https://beweging.co.za/bela-protes/ |

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | P: Posbus 11760, Centurion, 0046
H.v D.F Malan- en Eendrachtstraat, Kloofsig, Centurion | Cnr D.F Malan- and Eendracht Street, Kloofsig, Centurion